# Geen hek of deur keer fotograwe

VANDERBIJLPARK. - Lede van die Vanderbijlparkse Fotografiese Vereniging het vir die September-tema 'n keuse van drie gehad, naamlik: vensters, deure en hekke.

Daar is soos gewoonlik foto's uit die boonste rakke gelewer, maar aan die einde van die aand was dit ervare meester-fotograaf, Jan Jacobs se ***On Guard*** wat as die wenfoto in die senior-afdeling (4, 5 Ster en hoër) aangewys is.

In die junior-afdeling (1 - 3 Ster) was Nicholaas Louw die wenner met ***Zyfertontein Tankwa Karoo***.

Jan het ook in die monochroom-afdeling geseëvier met ***Perfect Jump***, terwyl Jaco Kloppers met ***Triumph*** in die junior-afdeling koning gekraai het.

In die visuele-kunskategorie waar foto's baie gemanupileer mag word en fotograwe hul verbeelding vrye teuels gee, het Elsje Vermeulen (4 Sterfotograaf) met ***Notice the little wonders*** in die senior-afdeling gewen, terwyl Dricky Gouws met ***Chantell*** in die junior-afeling die wen verdien het.

In die ope-afdeling waar enige foto ingeskryf mag word, was dit Haig Fourie, 'n ware spesialis in makrofotografie, se ***On Point*** wat as die wenfoto aangewys is in die senior-afdeling.


In die junior-afdeling is Susan Jacobs se uitstekende landskaptoneel, ***Sossus Misty Morning***, as die wenfoto aangewys.

Vir meer inligting oor die klub se bedrywighede en hoe om lid te word, kontak vir Johan Brits by 082 718 8394 of tsawa@yebo.co.za.

*** Die klub bied ook aanstaande jaar 'n beginnerskursus aan wat daarop toegespits is om fotograwe te help om hul eie kameras beter te verstaan. Die datums van die kursus is 16 & 17 Februarie en 16 & 17 Maart om 08:30 tot 16:00. Dit sal by die Klipriver Country Estate in Drie Riviere, Vereeniging aangebied word.**


**Die kursusaanbieders is ervare lede van die klub wat oor die nodige kundigheid en kennis beskik. Die koste beloop R2 750 per persoon (alles ingesluit).**

**Kontak gerus vir Henk Scheepers by 072 260 0513 of Johan Brits by 082 718 8394 vir meer inligting of om jou plek te bespreek.**


Die wenfoto van die tema: vensters, deure en hekke behoort aan Jan Jacobs (On Guard).


Nicolaas Louw se "Zyferfontein Tankwa Karoo" het die tema-afdeling in die junior-afdeling gewen.


Jan Jacobs se "Perfect Jump" was die senior-wenfoto in die monochroom-afdeling.


Elsje Vermeulen se "Notice the little wonders" is die wenfoto in die senior-afdeling van die visuele-kuns-kategorie.


Susan Jacobs was die wenner in die junior ope-afdeling met Sossus Misty Morning.


Die senior-wenner in die ope-afdeling: "On Point" deur Haig Fourie.